

Nico van  
Gijsen



## Raad met jou rande

**E**k het die afgelope weke heelwat hier geskryf oor uittreeannuïteite (UA's), veral oor die belastingvoordele. Maar alles is nie nêr maanskyn en rose nie. Vandag is dit tyd om te waarsku teen sekere tipes UA's.

Ek besef ek trap op tone en ek verwag om uit sekere geleedere 'n bekvot te kry. Maar ek kan nie met gemoedsrus 'n produk vir lesers aanbeveel, wetend dat daar gevalle is waar alles nie pluus is nie.

Kortliks, daar is sekere UA's wat jy dalk liever sal wil vermy. Die goed is soms meer in die belang van die makelaar wat dit aan jou verkoop as in joune.

Dit gesê, kom ons kyk. Net eers iets in die algemeen. 'n UA is 'n spaarprodukt met die oog op aftrede. En dit is onderhewig aan die Wet op Pensioenfondse (Wet 24 van 1956). Dit geld alle UA's.

Jy besit nooit 'n UA nie. Jy word lid van die UA-fonds. Jy het bloot 'n reg op die voordele binne die fonds (dit wat jy gespaar het). Met uitrede uit die fonds (55 jaar of ouer) moet jy die geld (jy kan tot eenderde in kontant neem) gebruik om 'n pensioen mee aan te koop.

### 'n Goele keuse

Maar daar is twee tipes UA's en dit is die kern van ons bespreking vandag. Met die eerste kies jyself die onderliggende fondse en die geld word direk in daardie fondse belê vir jou. Dit is die een wat ek aanbeveel.

Jy kan te enige tyd jou premies staak, jou betalings verhoog of verminder, 'n kontantbedrag daarin stort, of na 'n ander fonds toe oordra. Daar is geen penaliseringe nie.

Wat koste betref, kyk gerus voor jy teken, want daar is tot 3% van elke premie betaalbaar aan die makelaar. Ek dink dit is eenvoudig verspot hoog. Meer as verspot hoog. Daar is ook 'n jaarlikse tarief van tot 1%. Albei is onderhandelbaar.

Maar, en dit is baie belangrik, daar is geen vooruitbetaalde kommissie nie. Alles is skoon en netjies.

### Die keuse wat jou skuld laat groei

Dan is daar die polis-tipe UA's. Die aan-



# Uittreeannuïteite: Kyk uit vir dié koste

## Praat met 'n kundige voor jy belê in hierdie spaarprodukt

soekvorm lyk asof dit jou UA is. En jy kan eweneens die fondse kies waarin jou geld belê moet word. Maar wat jy nie sommer sal raaksien nie, is dat jy eintlik vir die trustee van die fonds magtig om 'n polis uit te neem met jou geld.

Jou onderliggende bate is dus nie direk in effektrustfondse nie. Dit is 'n polis. In die polis word die fondse wat jy gekies het gebruik om in te belê. 'n Ekstra en na my mening onnodige stap. En dit kos jou ekstra geld. Ekstra en onnodige geld.

Die kommissie op hierdie polis-tipe UA's is hoog. Tot 5% van elke premie. Maar dit is nie al nie. Die kommissie word vooruit bereken op elke verwagte premie oor die termyn van die UA. Die helfte hiervan word dan dadelik aan die makelaar oorbetal en die ander helfte elke maand soos wat jou premies inkom.

Dit is dus in die makelaar se belang - nie joune nie - om die termyn van die UA te rek so lank dit kan. Want dan is sy of haar onmiddellike kommissie meer. Hier is 'n voorbeeld. Op 'n polis-UA met 'n maandelikse premie van R3 000, is die onmiddellike kommissie betaalbaar byna R12 000, plus maandeliks 'n bedrag van sowat R57.

En die storie dat die versekeraar die

kommissie betaal, is louter snert. Jy betaal dit, dit kom van jou spaargeld af.

Jy begin dus spaar met skuld. In die geval hier met R12 000 se skuld teen jou spaargeld. En wat baie min mense weet, die versekeraar hef boonop rente op hierdie skuld. Jy het mos geld geleen om die makelaar se onmiddellike kommissie te betaal.

As jy 'n jaarlikse premieverhoging gekoppel het hieraan, dan word dieselfde storie met die kommissie herhaal, jaar op jaar. Jou skuld groei net. Met rente. Oor jare kan jy 'n aansienlike bedrag skuld oploop.

My raad? Bly liever weg hiervan.

### Hoe kom ek daaruit?

Goed, kom ons sê jy is nou in die ding. Kan jy daaruit?

Ja, jy kan.

Art. 14 van die Wet op Pensioenfondse laat toe dat jy jou UA-voordele kan skuif na 'n batebestuurder wat die geld direk in effektrustfondse belê, soos wat ek voorstel hierbo.

Maar nou sien ek dat mense wat dit wil doen, gedreig word met strafklousules en penaliseringboetes en allerhande ander twak om hulle af te skrik.

Daar is niks in enige wet wat ek sien wat 'n versekeraar magtig om jou te "straf" as jy jou geld na 'n ander fonds wil skuif nie.

Al wat dit is, is die uitstaande skuld - die vooruitbetaalde kommissie en ander koste met rente daarop, wat nou verhaal word uit jou belegging.

Die "waarde" van jou UA wat die versekeraar aan jou voorhou, is die werklike waarde plus die uitstaande skuld. As jy jou geld skuif, verhaal hulle bloot die skuld en dra die regte waarde oor.

Die skuld gaan jy in elk geval betaal oor tyd. Deur te skuif, bespaar jy ten minste op die verdere rente daarop.

En ook op die nuwe jaarlikse kommissie vooruit bereken oor die res van die termyn. Plus die rente daarop.

Praat met 'n kundige oor jou finansiële beplanning voor jy enigiets doen of teken.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.